Familie Tuisblad

DINK JEUG Families

30 Junie 2024

1 Begin hier

Saul, Jonatan en Dawid. Wie was hierdie mense?
Wel, van Dawid het jy al gehoor, want jy ken die verhaal van Dawid en Goliat. Dawid was natuurlik die tweede koning van Israel, en hy was ook ‘n dapper soldaat asook ‘n digter of liedjieskrywer wat baie van die psalms wat ons in die Bybel kry, geskryf het. Hy was baie lief vir God en lojaal aan die Here.
En wie was Saul? Saul was die eerste koning van Israel. Aan die begin was hy ‘n goeie koning gewees, maar later het hy selfgerig geraak en hy was ongehoorsaam aan die Here.
En wie was Jonatan? Jonatan was koning Saul se seun. Hy was dus ‘n prins. En hy en Dawid was baie goeie vriende, soos broers, gewees. ‘n Mens kan dus verstaan dat Dawid baie, baie hartseer was toe sy lojale vriend oorlede is.
Die teks van vandag is ‘n lied - ‘n klaaglied, of hartseer lied - wat Dawid geskryf het nadat beide koning Saul en Jonatan oorlede is. In die lied eer hy hulle en onthou hy al die goeie dinge wat hulle gedoen het.

2 Lees

2 Samuel 1:23-27

3 Gesels

- Watter mense in vandag se tyd is helde? Wat maak iemand ‘n held?
- Vertel van die mense wat al ‘n groot invloed op jou gehad het. Dit kan mense wees wat al oorlede is, of wat jy nie meer mee kontak het nie, of mense wat steeds ‘n rol in jou lewe speel.
- Is daar ‘n vriend of ‘n familielid wat jy vertrou, soos wat Dawid vir Jonatan vertrou het?
- Op watter praktiese maniere kan julle vir mekaar in die huis ondersteuning bied?

4 Bid

As jy hartseer is oor iemand wat oorlede is, of verlang na iemand wat ver woon of wat jy min sien, deel dit vandag met die Here.

5 Doen

Kinders: Teken ‘n arend en ‘n leeu – kyk op die internet vir instruksies hoe om dit te doen. Die teks vergelyk koning Saul en prins Jonatan met ‘n arend en ‘n leeu. Wie word nog vergelyk met dié 2 diere in die Bybel en hoekom?

Families: Luister na of sing saam met die lied van Retief Burger en Riana Nel: U’s my God